## DRIE KRUISE.

D. S. J. du Toit

80/90 V

(Sesde Lydens-Sondag) Joh. 19 : 18.

In die gees na Golgotha - ~~XXXXXX~~ Wat sien ons hier? Daar staan drie Kruise. Daar hang drie veroordeeldes. Wie is hulle? Waarom hang hulle daar? Selfs die onkundigste kan die eerste vraag beantwoord -"Hy wat daar in die middel hang is niemand anders as die Middelaar, die Christus die Seun van God." Die ander twee is veroordeeldes, moordenaars. Op die 2de. vraag kan ons nie so maklik antwoord nie. Waarom hang Christus daar? Om te ly en te sterf vir die sonde vir uitverkorenes sal elke gelowige op gesag van Gods antwoord. Maar waarom word 2 ander saam met hom gekruisig Wat beteken die 2 kruise, die 2 kruiselinge langs Hom? Waarom nie net Christus alleen nie?
Dit is ons doel om tans 'n antwoord op hierdie vraag te gee en dadelik spreek ons dit uit:- "Die 2 kruiselinge aan Christus se regter- en linkersy verteenwoordig die ganse mensheid. Christus hang as Middelaar IN DIE MIDDEL. Sy kruis skei die mensheid in TWEE klasse! Al dadelik sien ons hier die vrug van Sy versoenings-dood. Van die een sy van Christus styg 'n siel Hom na na die Paradys van geluksaligheid; van die ander sy sink 'n siel neer na die verblyf van rampsaligheid.
Op Golgothas kruin staan drie kruise. By elke kruis wil ons stilstaan & nadink, by elkeen wil ons 'n les leer.
Die middelste kruis leer ons:- "Hy wat hier hang is die Middelaar, daarom hang Hy in die MIDDEL. Hy skei die moordenaars, die mensheid, ja ons in twee dele."
Die kruis aan Sy LINKERSY laat ons in vlammende letters lees:- "Kyk hoe naby 'n sondaar by Christus kan wees en tog verlore gaan."
Die kruis aan sy REGTERSY leer ons die bemoedigende waarheid:) "Kyk hoe naby 'n sondaar by die hel kan wees en tog behou word."

(1) "JESUS IN DIE MIDDEL" - Dit is steeds Sy plek deur die raad van God vir Hom bestem. Dit is Sy plek in die maatskappy, die kerk, ja in die groot heelal. Hy beslaan die middelpunt, die spil waarom alles draai. Neem die miljoene skepsels ~~in~~ uit die skepping weg en die groot heelal bly voortbestaan; maar neem Christus weg en die heelal versink in 'n grondelose diepte. Jesus in die middel van eeuwigheid tot eeuwigheid - nog voor die bestaan van die aarde en eer nog 'n wereldbol deur sy ruimtelose lugruim beweeg het. Toe reeds was Jesus in die middel.
2) "Jesus in die middel" in die geskiedenis van die wereld. Dit is die grondtoon van geheel Sy lewe. Hy verbreek en Hy verbind. Hy werp neer en Hy rig op. Mense hoe gelyk ook skei Hy; mense hoe verskillend ook verbind Hy.
3) Jesus in die middel" veral aan die kruis. Die 2 moordenaars, hoe gelyk? Altwee moordenaars, altwee gekruisig. Hulle lewens sou gewis afgeloop het sonder enige wesenlike verskil. Maar nou!. Daar staan Jesus in die middel, tussen beide. Sien nou die verskil Die een bespot Hom, die ander een aanbid Hom. Die een erken Hom in sy Koninklike heerlikheid. Die ander sien in Hom die valse Messias wat hy honend belag. Vir die een kruiseling is die kruis van Christus die Rots waarop hy as verlorene sy voet kan sit en as drinkeling behou word. Vir die ander een is dit 'n Rots van ergenis waarop sy selfgenoegsame onverskilligheid skipbreuk ly en hy vir eeuwig omkom.
4) "Jesus se kruis in die middel":- Hier word vir die wereld 'n belangrike waarheid verkondig. Die een kruiseling verteenwoordig die gelowige en die andere die ongelowige wereld. Vir een deel van die mensheid is Christus se kruis die boom van die lewe, vir die ander deel die vloek van die veroordeling. Hier is ons ALMAL verteenwoordig. Die kruis staan as wegwyser op ons pad na ons eeuwige bestemming - net twee paaie - GEEN DERDE weg nie anders sal ons dit vir u verkondig. Waar is u plek, op watter pad is U?
5) "Jesus in die middel" - tussen hemel en aarde. Tussen hemel en aarde hang Jesus. Kon ons maar die geheim hiervan verstaan! Albei was geskei, albei herenig Hy. Onder Hom 'n verlore wereld, bo Hom 'n vertoorende God! ~~Hy moes versoening bring~~. Onder Hom 'n gapende afgrond gereed om die heelal te verswelg; bo Hom 'n verpletterende Masjeteit wat voldoening eis. Hy moes versoening bring. Tussen hemel en aarde hang Hy en aan die spykers van die kruis hang 'n ganse, sinkende heelal. Ruk die spykers los en die

die ganse heelal versink in niks. Ja Christus in die middel.

"Jesus in die Middel" - in die eindgerig. Die hoofdoel van Christus se tweede koms sal wees om te skei. Op die dag sal Jesus beslis en in die middel staan om te skei. Twee sal by een meul wees, die een sal aangeneem die ander verwerp word; twee op een bed, die een aangeneem, die ander verwerp; twee op een akker, die een aangeneem en die ander verwerp. Nee dit is alreeds beslis, uself het beslis. Dan sal Christus slegs openbaar wat in die geheim plaasgevind het. Daar staan die kruis van Christus in u midde geplant, kies nou self u sy. U kan nie anders nie - gaan nou na die regter- of die linkersy. Die kruis het slegs twee sye en geen derde nie. "Voor of teen". Laat die onpartydiges nou 'n derde sy van die kruis of selfs 'n derde kruiseling aanwys en dan sal ons ook eenmaal 'n derde weg vind. Gaan dus heen - na u werk, u vermaak, u woekerkaste - ja waarheen u wil, maar hierdie woord, ja die kruis self agtervolg u as u toetssteen. Laat die kruis beslis waar u weë splits en watter sy u kies.

Nou gaan ons oor om die ander twee kruise te beskou en wel die kruis aan Christus se linkersy en die groot les wat ons hier leer is:- "Hoe naby Christus 'n sondaar kan wees en tog verlore gaan".

Wat was die invloed van Christus se Middellaarsdood op die wereld? Hier word dit aan ons getoon. Twee kruiselinge hang langs Christus het gely en gesterf met Hom. Albei was oortreders, beide veroordeel, beide voor die poorte van die dood, beide ewe naby die hel. Maar tot beide was Christus se hande in liefde uitgestrek, op beide het sy blik van mededoë beurtelings gerus. Beide naby Christus, beide naby die hel. Die een deur Christus as 't ware uit die kake van die hel ter behoudenis geruk; die ander deur Satan van Christus se sy weggesleep na die verderf.

Belangrike gebeurtenisse hier by die drie kruise! Nêrens in die groot heelal, nooit in alle eeuwe het sulke twee strydende magte - duisternis en lig, dood en lewe, hel en hemel, Satan en Christus - in sulke noue aanraking as juis nou op Golgotha gekom. Die hel toon hier haar mag meer dan ooit - Van die sy van Christus ruk sy 'n sondaar weg ter verderf. Maar Christus verheerlik hier ook tewens Sy verlossende genade soos nog nooit tevore.of daarna nie! Ontsettende gedagte! Van die slagveld keer vorst Satan en hou in sy gedoemde vuis 'n slagoffer op Golgotha, waar die bloed van versoening vloei - van Christus se sy geroof. Van die kruis vaar Christus na die Paradys en hou in Sy deurboorde hand die eersteling op Sy stryd, 'n pêrel vir Sy oorwinnigskroon. Hel en Hemel, Satan en Christus, elk keer met sy buit van die strydperk. En welk 'n buit! Ja hier het ons die grootste wonder van Christus se verlossende genade, maar tewens ook die sterkste bewys van die mag en woede van die hel. Het albei kruiselinge onder die mag van die hel verval sou ons tereg in hopeloosheid kon kla:- "Die versoenings dood van Christus, hoe ryk ook in verdienste, baat ons niks nie". Was albei deur Christus behou sou ons roekeloos kon juig:-"Satan se mag is nou volkome gebreek en hy kan niemand na die verderf voer Nou egter is dit 'n les vir die roekelose sondaar maar God dank ook 'n bemoediging en troos vir die strydende christen. Ja ons is tans getuie op Golgotha van die twee grootste wondere in die geskiedenis van die mensheid. Met al u vrome betrekkinge, onder die gebed van u leeraar, op u kerkbank sal die hel u as haar prooi wegruk indien u nie IN Christus verborge is nie. Nie net NABY Christus maar IN Hom moet u wees. Hoevele was daar naby die Ark maar het tog verdrink en slegs diegene wat in die Ark was was behou Naby Cristus en tog verlore! Rus dan nie voor u IN Hom is nie.

Nou 'n blik op die ander kruis aan Christus se regter sy. Naby die hel en tog behou, blink ons hier in heerlike letters. Te midde van al die gespot, gevloek en lastering is daar tog een wat van Hom getuig. Is dit miskien die moedige Petrus, is dit die minsame Johannes óf sou u dink dis gewis Lazarus wat Hy uit die dood opgewek het óf sou dit miskien die invloedryke Nicodemus wees wat nog steeds volhou om te protesteer teen die onregverdige daad?

Dan tog seker 'n engel uit die hemel? Nee geen een van hierdie nie want selfs die hemel verberg haar aangesig van Hom. Tog hoor ons een stem op Golgotha wat Christus bely - die moordenaar aan Sy regtersy. Hoor sy getuienis. Hier hoor ons die taal van:-

(a). Opregte berou - "Vrees jy God ook nie aangesien ons in dieselfde oordeel is."

(b). Ootmoedige Belydenis - "Ons regverdig"

(c). Gelowige oorgawe - "Here gedink aan my as U in U Koningryk is" "U Koningryk" . Hy spreek Christus aan as sy Koning.

Let op die reddende genade van God. Naby die hel, en nog behou.

Ons roep u ten slotte toe:- U ligsinnige slaan u oë op na die kruis aan Christus se linkersy en lees daar - "Naby Vhristus en nog verlore" En u kleinmoedige siel sien op na die ander kruis en lees daar - Naby die hel en nog behou".

① Hemel + Aarde

② Sonde + Genade

③ Wet + Evangelie (God + ons)

④ Skepping + Voleinding :. Gesk v d W.

Heelal / Eindiging

Vrg:

① Middel v sy Kinders

② – v sy gemeente

③ – v Troon v God